Die Konfederasie van Jagtersverenigings van Suid-Afrika
CHASA
The Confederation of Hunting Associations of South Africa

Proudly affiliated to SCI FIRST FOR HUNTERS

Tel: +27 (0) 41 922 – 5510 | Cell: +27 (0) 82 523 8201 | Fax: +27 (0) 86 614 5354 | E-mail: manager@chasa.co.za | Website: www.chasa.co.za
SAPS Hunting Association Accreditation Number: 1300018
SAPS Sport Shooting Association Accreditation Number: 1300104
NPO Registration Number: 241-187 NPO

18 Mei 2020

CHASA VERKLARING / CHASA ANNOUNCEMENT
(English text below)

INSAKE: OPNAME OOR WILDSVLEIS MEI 2020

CHASA bedank die jagters van Suid Afrika vir die uitstekende reaksie op die vleisopname wat gesirkuleer is. Dit is duidelik dat jagters bekommerd is oor moontlike beperkings wat op die gebruik van wildsvleis geplaas kan word. Ons het sover 6423 response ontvang van respondente wat dit nou vir ons en ander rolspelers moontlik maak om feitelike argumente aan te voer oor die verkryging en benutting van wildsvleis deur jagters. Die respondente is lede van al die erkende jagtersverenigings en sluit ook persone in wat nie aan verenigings behoort nie. Ons is dankbaar dat jagters oor grense heen hande vat oor hierdie saak.

Dit is duidelik uit die opname dat plaaslike (Suid Afrikaanse) jagters die grootste kliënte is van grondeienaars wat wild besit. Navorsing deur NWU dui aan dat plaaslike jagters sowat R11,6 miljard jaarliks in die jagbedryf in Suid Afrika spandeer.

Dit is ook duidelik dat ‘n groot aantal diere jaarliks op informele wyse deur jagters versprei word aan hul families en vriende. Dit is ook bekend dat plaaslike jagters op ‘n per kg basis die hoogste premie betaal vir wild, wat op plase ge-oes word (oorsee’se jagters uitgesluit). Indien hierdie aktiwiteite beperk word, sal jagters se jarelange kulturele gebruike rondom wildsvleis ernstig aan bande gelê word. Voorts sal dit ook ‘n ernstige negatiewe invloed uitoefen op wildeienaars se mark vir hul produk. CHASA neem daarom die volgende standpunte in:

i) Ons erken jagters se regte om hul kulturele gebruike van wildsvleis te behou en sal hierdie regte beskerm en bevorder;
ii) Ons verwerp enige pogings om beperkings te plaas op die aantal wild wat jagters mag jag;
iii) Ons eis dat die gebruik erken word dat jagters op informele wyse vleis aan familie en vriende beskikbaar stel;
iv) Ons erken die gebruik dat jagters op beperkte skaal wildsvleis verwerk en op die informele mark verhandel;
v) Ons ondersteun die beginsel dat wildsvleis wat op formele markte verkoop word (bv. kettingwinkels) aan die vereistes van die wetgewing moet voldoen en dat wildoes operateurs hierin ‘n vername rol kan speel.

CHASA sal saamwerk met ander rolspelers in die bedryf wat hierdie standpunte ondersteun en sal ons standpunte op ‘n verantwoordelike maar besliste wyse aan die owerhede oordra.

Vriendelike Groete

Pieter van Niekerk
CHASA President

18 May 2020

RE: SURVEY ON GAME MEAT MAY 2020

CHASA would like to thank the Hunters of South Africa for the excellent response received on the survey on game meat which has been circulated. It is clear that hunters are greatly concerned about the restrictions which can be imposed on the use of game meat.

To date we have received 6423 responses and the info received makes it possible for us and other role-players to debate factually on the obtaining and utilization of game meat by hunters. The respondents are members of all the acknowledged hunters' associations and also include persons who are not members of a hunting association. We are thankful that hunters are showing solidarity on this matter.

It is clear from the survey that local (South African) hunters are the largest clientele of landowners who also farm with game. Research done by North West University prove that local hunters spend R11.6 billion annually within the Hunting Industry in South Africa. It is also clear that a large number of animals are annually distributed by hunters to their family and friends. It is also a known fact that local hunters apart from overseas hunters pay the highest premium per kg for game which is culled on farms (overseas hunters excluded). If this activity is regulated, then the longstanding cultural use of game meat by hunters will be seriously jeopardized. Furthermore, it will also have a negative impact on the markets of game farmers for their produce.

CHASA therefor takes the following stand:

i) We acknowledge the right of hunters to continue with their cultural utilization of game meat and shall continue to defend and promote these rights;
i) We reject any efforts to impose restrictions on the number of game hunters may hunt;
ii) We demand that the right be acknowledged that hunters on an informal basis may provide game meat to family and friends.
iii) We acknowledge the right of hunters to process game meat on a limited scale for sale to the informal market.
iv) We support the principle that game meat which are sold to formal markets (eg. chain stores) must adhere to the hygiene requirements set out in legislation and that culling operators may play an important role in this regard.

CHASA will co-operate with other role-players in the industry which support these viewpoints and we shall convey same to the authorities in a responsible but decisive manner.

Kind Regards

Pieter van Niekerk

CHASA President